# SEKERE VOORVEREISTES VIR 'N SUKSESVOLLE PERSPEKTIWIESE BENADERING IN GESKIEDENISONDERRIG

*Dr C. Venter*
*Universiteit Stellenbosch*

Die debat rondom 'n nuwe geskiedenis-sillabus vir skole is reeds aan die gang en daar word ernstig besin oor 'n perspektiwiese benadering tot geskiedenisonderrig. Met verwysing na 'n perspektiwiese benadering verklaar P.H. Kapp as volg: "Die probleem van botsende en uiteenlopende vertolkings van die geskiedenis, wat meebring dat die waarheid nie absoluut kan wees nie, maak 'n perspektiwiese benadering noodsaaklik."[1]

Bostaande stelling noodsaak die onderwyser en die leerling om te besin oor die **aard** van die vak geskiedenis. Indien dit nie gedoen word nie, sal dit moeilik wees om te begryp dat daar uiteenlopende en selfs botsende vertolkings van geskiedenis bestaan. Daarom is dit noodsaaklik dat in die sillabus vir senior sekondêre leerlinge voorsiening gemaak sal word vir 'n kort inleiding oor sekere filosofiese aspekte van geskiedenis asook die verskillende strominge binne die Suid-Afrikaanse historiografie. Die Suid-Afrikaanse historiografie word uitgesonder omdat dit juis die afdeling oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die bestaande sillabus is waarteen daar ernstige besware bestaan. 'n Algemene konsensus is ook reeds bereik dat die sillabus van die Suid-Afrikaanse geskiedenis grondig aangepas moet word.

Daar kan lank gedebatteer word oor die inhoud en omvang van die filosofiese aspekte wat in die sillabus opgeneem moet word. As uitgangspunt kan dit gestel word dat vier wesensvrae oor die aard van geskiedenis beantwoord moet word. Daarna behoort die verskillende denkrigtings waaruit die Suid-Afrikaanse geskiedenis benader word, onder die loep geneem te word.

In hooftrekke is die vier wesensvrae oor die **aard** van geskiedenis waarna hierbo verwys word, die volgende:

### (i) Wat is geskiedenis?

Die leerlinge sal daarvan bewus gemaak moet word dat die woord geskiedenis twee betekenisse het, naamlik geskiedenis-as-werklikheid en geskiedenis-as-wetenskap. Eersgenoemde verwys na 'n gebeurtenis wat werklik in die verlede plaasgevind het, terwyl geskiedenis-as-wetenskap die verhaal, die kennis en die studie is van dit wat in die verlede gebeur het.[2] Wanneer historici dus die geskiedenis-as-werklikheid, dit wil sê die verlede self, ondersoek om hul wetenskaplike verhaal daar te stel, strewe hulle na die objektiewe waarheid. Hierdie stelling lei logies tot die volgende vraag, naamlik:

### (ii) Kan die geskiedskrywing objektief wees?

Hierdie tweede belangrike vraag hou ook verband met die geskiedenis-as-wetenskap. Alhoewel die historikus na die waarheid strewe, werk verskeie faktore mee wat volkome objektiewe geskiedskrywing onmoontlik maak. H.S. Commager bevestig hierdie gedagte as volg: "Let us admit that the historian is human and therefore fallible, and that the ideal history, completely objective and dispassionate, is an illusion. ... Consciously or unconsciously, all historians are biased: they are creatures of their time, their race, their faith, their class, their country - creatures and even prisoners."[3] Die derde wesensvraag oor die aard van geskiedenis hou verband met die vraag oor die objektiwiteit van geskiedenis:

### (iii) Kan historiese kennis absoluut wees?

Die verhaal van die verlede wat die historikus met sy wetenskaplike ondersoek daarstel, kan

nie absoluut, finaal, volledig of altyd geldend wees nie. Daarteenoor is die geskiedenis as werklikheid voltooi en finaal. Dit is juis hierdie relatiewe eienskap van die historiese kennis wat die hervertolking en die herskrywing van geskiedenis noodsaaklik maak. Die vierde vraag hou verband met laasgenoemde:

**(iv) Waarom word geskiedenis herskryf?**

Daar is verskeie redes waarom geskiedenis-as-wetenskap nie absoluut kan wees nie en daarom gereeld hervertolk en herskryf word. In die eerste plek kan foute in die geskiedskrywing voorkom wat herstel moet word. Tweedens word nuwe bronne ontdek of bronne word beskikbaar gestel wat nuwe lig op die verlede werp. 'n Derde rede is dat historici se vraagstelling aan die verlede met verloop van tyd sal verander. Die vierde rede is dat verskillende historici dieselfde historiese gebeurtenis verskillend vertolk.[4]

Hierdie laaste verklaring bied 'n logiese aansluiting tot die studie van die historiografie. Inteendeel, dit bied die verklaring vir die bestaan van verskillende denkskole binne die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Dit is eers wanneer kennis gedra word van die perspektief waaruit 'n groep historici die verlede benader en hoe en waarom daardie perspektief van 'n ander groep of groepe historici s'n verskil, dat die verlede met die nodige empatie benader kan word. Sodanige empatie is veral noodsaaklik in 'n diep verdeelde gemeenskap soos Suid-Afrika en sodoende kan die Suid-Afrikaanse geskiedenis minder omstrede aangebied word. Kapp skryf hieroor as volg: "Leerlinge moet geleer word dat historiese gebeure vir verskillende belangegroepe uiteenlopende waarde en betekenis kan hê, en dat geldige vertolkings van die geskiedenis nie die noodsaaklikheid om konflik, botsende belange en teenoorstaande eise rasioneel te hanteer, ophef nie. Op hierdie wyse kan leerlinge leer om histories te dink, met insig en begrip sake te beredeneer en tot verantwoordelike gevolgtrekkings kom."[5]

Samevattend is dit vir die leerling en die onderwyser noodsaaklik om te weet dat geskiedenis-as-wetenskap die verhaal is van dit wat in die verlede gebeur het; dat hierdie verhaal deur 'n historikus opgestel is en dat daardie verhaal nie volkome objektief kan wees nie; en dat die kennis-inhoud van die verhaal nooit volledig kan wees nie en noodwendig herskryf sal word. 'n Belangrike rede hiervoor is dat historici die verlede-as-werklikheid vanuit verskillende perspektiewe benader. So byvoorbeeld word die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanuit onder andere 'n Afrikaner nasionalistiese, 'n liberale en neo-liberale, swart nasionalistiese, neo-Marxistiese of 'n People's History perspektief benader. Dan word dit duidelik dat hierdie perspektiewe aanleiding gee tot uiteenlopende en botsende vertolkings van die verlede. Eers wanneer die leerlinge hierdie wesensvrae oor die aard van geskiedenis kan beantwoord en 'n basiese kennis van die historiografie besit, sal die perspektiwiese benadering in die onderrig van geskiedenis werklik suksesvol toegepas kan word. Wanneer dit geskied, sal E.H. Carr se omskrywing van geskiedenis as 'n "continuous process of interaction between the historian and his facts, an unending dialogue between the present and the past"[6] vir die leerlinge sin uitmaak.

**VOETNOTE:**

1. P.H. Kapp, Doelstellings, Doelwitte en Kriteria (**Gister en Vandag**, nr. 24, Okt. 1992, p. 7).
2. B.J. Liebenberg, Geskiedenis en Filosofie (**Historia**, 28 (1), Mei 1983, p. 22).
3. H.S. Commager: **The nature and the study of history**, p. 53, New York, 1984.
4. B.J. Liebenberg, Geskiedenis en Filosofie (**Historia**, 28 (1), Mei 1983, p. 26).
5. P.H. Kapp, Doelstellings, Doelwitte en Kriteria (**Gister en Vandag**, nr. 24, Okt. 1992, p. 7).
6. E.H. Carr, **What is history?**, p. 30. London, 1968.